# 9. TEMAS

Waarna verwys ons as ons praat van ’n tema? Die HAT (1994) beskryf dit as die “grondgedagte van ’n letterkundige werk”. Anders gestel kan dit verwys na ’n onderwerp of belangrike konsep(te) wat sentraal is tot die roman, of wat die skrywer poog om deur middel van die roman oor te dra.

In *Wolk* gee beide die titel en die omslagontwerp leidrade tot een van die sentrale temas van die roman. Die wolk-tema is egter veelledig en nie beperk tot die letterlike wolk wat ’n ongekende storm bring nie. Dit versinnebeeld letterlike en figuurlike aspekte wat die hoofkarakters op verskillende maniere bedreig.

Die wolk-tema sluit die volgende aspekte (oftewel wolke) wat oor die hoofkarakters hang, in:

- Die emigrasie van Rufus en haar gesin.
- Die gehiemhouding van die beplanning van die laaste avontuur.
- Die steel van die Midge, die rit, die vrees om gevang te word deur hul ouers en/of die polisie.
- Die aanloop tot die uitvoer van die tweede deel van die plan (om seks te hê).
- Die verslaentheid wanneer die Midge nie werk nie.
- Rufus se eerste interaksie met Jeremy.
- Die sien van die wolk op die horison.
- Die vreemde en onverklaarbare boodskappe (veral van Xandr se pa) ontvang, tesame met die verlies van selfoonopvangs.
- Die besef dat hulle avontuur ’n stryd om oorlewing word: karige kosvoorrade en die naderende wolk.
- Die besef dat die vakansieoord verlate is en dit lyk of almal baie haastig gevlug het.
- Wanneer hulle Jeremy by die vakansieoord sien, en weer moet teruggaan vir voorrade met die wete dat hy daar kan wees. Hier word Jeremy ’n gedeelde wolk, eerder as net Rufus s’n. Hierdie wolk hang oor hulle tot die einde wanneer Jeremy sy opwagting in Clarens maak.

- Oor die vraag wat die wolk is, wat dit bring, waarom almal weg is en waarom alle kontak met die buitewêreld verlore is. Die vraag oor die wolk word erger na aanleiding van hul gesprek met Teboho.
- Die groot vraag wanneer hulle in die grot moet skuil vir weke: Gaan hulle oorleef? Gaan hulle mal word? Wat maak die wolk?
- Wanneer hulle uit die grot kom en alles is vernietig ... Is hulle families lewendig? Wat het gebeur? Waarheen nou?

**Sentrale temas** wat in *Wolk* aangespreek word, is onder andere:

- **Vriendskap**. Veral die vriendskap tussen boesemvriende van teenoorgestelde geslagte. Die vriendskap word uitgedaag deur die dreigende emigrasie (verlies), die vraag oor die oorsteek van 'n lyn (seks) wat die aard van die verhouding mag verander, en natuurlik die uitdagings tydens die ganske avontuur, beplan en nie-beplan (die wolk).
- **Seks**. Die vrae oor wanneer om dit te hê, met wie, wat dit beteken.
- **Vrees**. Die vrees van die onbekende. Die vrees van verlies. Die vrees van geweld. Die vrees vir die natuur. Die vrees van die self.
- **Hoop**. Ten spyte van al die uitdagings, gevare en onsekerheid is daar steeds hoop. Dit word deur die feit dat hulle as vriende saam is, uitgebeeld, asook deur die koms van Flip, die Midge wat weer werk, en die deel van Clarens wat nie vernietig is nie.

Ander temas wat in *Wolk* teenwoordig is, is Tori Amos as invloed en as tipe karakter, die natuur en sy mag, en die magiese (Teboho se storie, die rotstekeninge, Flip se koms, die Midge wat weer werk).